
# 'N EEU IN OËNSKOU

## NED GEREF KERK JAGERSFONTEIN



1892 – 1992

DR R M BRITZ

Willie Brown

1993

(Kerkhistoriese werkgemeenskap)

Pretoria.

# 'N EEU IN OËNSKOU

## DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN JAGERSFONTEIN 1892-1992

**DR. R.M. BRITZ**

'n Eeu in Oënskou.
Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Jagersfontein 1892-1992.
Uitgegee deur Pro Christo-Publikasies
Posbus 19, Bloemfontein 9300
Gebind deur N.G. Sendingpers
Blignautstraat 39, Bloemfontein 9301
Geset deur Martie van Graan
Geset en Laser uitgedruk deur Fakulteit Teologie, UOVS

Bloemfontein
1992

# VOORWOORD

Die verhaal wat in hierdie brosjure opgeteken is, moet nie net histories verstaan word nie. Dit moet ook teologies begryp word. Dit is per slot van rekening die Here van die Kerk wat daaraan beslag gegee het. Daarom moet telkens aan die verlede gevra word of die gemeente getrou was aan sy roeping as Kerk van Christus? Die eeufeesgedenkdatum is sekerlik 'n gepaste geleentheid om met hierdie vraag na die geskiedenis terug te kyk. Dit verhoed enige roem op die verlede. Die roem moet in die Here Jesus wees. Sy begenadiging het immers die kerk op Jagersfontein vir 'n ronde eeu in stand gehou en aan die bediening gehelp.

Met hierdie oorweging in gedagte het die skrywer dikwels vrae gestel. In die laaste paragraaf is dit selfs meer pertinent gedoen. Die leser moet dit beantwoord en hom/haar telkens afvra wat die Skrif in daardie verband voorsê. So word 'n mens aan 'n meer teologiese verstaan van die gemeente se geskiedenis gehelp.

Wat hieronder geskryf is, rus hoofsaaklik op notules (van die Kerkraad, gemeentelike verenigings, die Ring en Sinode), afkondigingboeke en kommissieverslae. Dit is nie die verhaal van die 19 leraars wat oor die afgelope honderd jaar op Jagersfontein predikant was nie. Dit is die verhaal van die gemeente self. Dit sou ook 'n verkeerde indruk skep indien die gemeente se geskiedenis aan die hand van die bediening van sy leraars vertel word. Dit gaan immers in die gereformeerde sin van die woord nie om ampsdraers en hulle doen en late nie, maar om die Kerk van Christus.

By dit alles het die skrywer ook probeer om dit só neer te skryf, dat almal dit sal verstaan. En hy het dit gedoen in die bede dat die gemeente in die laaste dag van die geskiedenis, getrou bevind mag word.

R.M. Britz
Winter 1992

## INHOUD

Met Jagersfontein was dit anders ........ 1

Jagersfontein word 'n afsonderlike bedieningspunt 1875-1892 ........ 2

'n Vaste bedieningspunt word gemeente 1892 ........ 4

Die gemeente kry beslag 1892-1900 ........ 5

En beleef 'n omvattende oorlog 1900-1902 ........ 8

Die oorlog word verwerk 1903-1905 ........ 9

Die gemeente vind homself en organiseer sy bediening 1905-1926 ........ 11

Die gemeente bly by sy bedieningspatroon 1926-1946 ........ 14

'n Nuwe fase van ontwikkeling 1946-1972 ........ 17

Die gemeente in 'n tyd van verskuiwing, vraagstelling en aanpassing 1972-1992 ........ 21

'n Eeu in oënskou ........ 23

Eeufeesgedenkpreek ........ 26

## MET JAGERSFONTEIN WAS DIT ANDERS

Met Jagersfontein se kerk was dit anders. Hier was dit nie - soos so dikwels in die Vrystaat - die Ned. Geref. Kerk waaromheen 'n dorpie en later 'n gemeenskap gegroei het nie. Nóg was dit boerelidmate wat besluit het om op 'n sentrale plek waar die predikant eredienste kom hou het, kerk te bou en gemeente te stig. Hier was dit diamante, en later 'n diamantmyn, wat mense van oraloor bymekaargemaak het. Dit het alles begin toe daar in 1870 op die plaas Jagersfontein, waaroor die grootpad van Colesberg na die Kimberleydelwerye geloop het, diamante raakgesien is.

Vir die res van die dekade het mense na Jagersfontein gekom om uit die diamante 'n lewensbestaan te verseker. In waens, tente en plakkershuisies het hulle kom woning maak tussen die eens stil rantjies van die Suidwes Vrystaat. Om en by 1880 het daar groter orde op sake gekom. Die pioniersjare was verby. Die delwerye het beslag gegee aan 'n georganiseerde myn. Op sy beurt het die myn 'n dorpie na vore gebring. Permanente geboue het verrys. 'n Goewermentskantoor, 'n poskantoor, 'n skooltjie, winkels, 'n hospitaal, woonhuise en 'n kerkie of twee. 'n Buurt, of soos dit genoem is, lokasie waar veral bruin en swartmense woning kon opsit, is uitgelê. 'n Kampong het vir alleenloper swart mans 'n dak oor die kop voorsien. Die bedrywighede het koers gekry. 'n Samelewing, met soveel uiteenlopende mense, agtergronde en gewoontes, het met homself op weg gegaan.

Hollandssprekende Afrikaners, Engelssprekendes, uitlanders, swartmense en bruinmense het almal die delwery en myn gedeel. Sommige het oornag ryk geword - om dit vinnig te verspil. Ander het arm gekom, en arm gebly. Baie het hulle vergryp aan die moontlikhede wat die lewe bied. Ander het saans Bybel gelees en gebid. En, Sondae die eenvoudige eredienste bygewoon.

Uiteraard het hulle 'n verskeidenheid kerke of gemeentes saamgebring en georganiseer. 'n Rooms-Katolieke Kerk is al in 1881 gebou. Daarnaas is 'n kloosterskool opgerig. Die Anglikane moes tot 1891 vir 'n kerkgebou wag. Nog 'n Engelssprekende kerk was Weslyaans en protestants. In 1888 is die hoeksteen van hulle kerkie gelê.

'n Vierde kerk sou help om die Bybel se boodskap op Jagersfontein te verkondig. Gereformeerd van belydenis, was dit 'n kerk met 'n bepaalde karakter, vaste gebruike en 'n kenmerkende manier van doen.

Die meeste van sy lidmate was Hollandssprekend. En, hy was bekend as die Ned. Geref. Kerk.

Word hierdie gemeente se geskiedenis vertel, kan die verhaal nie buite om die geskiedenis van die ander kerke, én die van die dorp waarin sy lidmate gewoon en gewerk het, gaan nie. Sy geskiedenis begin toe die ou gevestigde gemeente Fauresmith op Jagersfontein teen 1875 met 'n unieke situasie gekonfronteer is.

## JAGERSFONTEIN WORD 'N AFSONDERLIKE BEDIENINGSPUNT 1875-1892

Voordat die plaas Jagersfontein omgesit is in 'n diamantdelwery, was die meeste boere van die omgewing lidmate van die Ned. Geref. gemeente Fauresmith. Die skielike samedromming van mense op Jagersfontein het 'n situasie geskep wat die Kerkraad genoodsaak het om 'n plan te maak. Nog in die sewentiger jare is al begin om eredienste vir die delwers te hou. Daarvoor het die predikant van Fauresmith, ds. H.L. Luckhoff oorgekom.

Spoedig het Jagersfontein 'n bedieningspunt in eie reg geword. Hy het eise gestel wat die predikant van Fauresmith in sy normale bediening nie kon nakom nie. Eintlik het die situasie gevra vir die voortgaande en voltydse bediening van 'n leraar. In die jare tagtig is gedink aan 'n hulpprediker, dit wil sê iemand om ds. Luckhoff by te staan. In die volle sin van die woord kon hy natuurlik nie predikant van die gemeente wees nie, maar hy kon help. So iemand kon dan vir Jagersfontein as sy verantwoordelikheid neem. Sy vergoeding het egter 'n struikelblok geword. Die gemeente kon nie daarin voorsien nie. Die gemeenskap op Jagersfontein ook nie. Selfs toe daar by die Vrystaatse Sinode van 1887 om hulp aangeklop is, kon 'n toelaag van 200 pond nie gevind word nie. Tot 1889 is Jagersfontein gevolglik deeltyds deur ds. Luckhoff bedien.

Om die kerklike sake op Jagersfontein behoorlik te reël, is 'n Kerkkomitee ondertussen gevorm. Daarin was die mynbestuur verteenwoordig, asook die Anglikaanse Kerk. Tog het die komitee hoofsaaklik probeer om die geestelike belange van veral Ned. Geref. lidmate te behartig. Die inisiatief om 'n kerkgebou op te rig, het van hulle uitgegaan. Toe die gebou in 1888 voltooi is, was die moontlikheid van 'n hulpprediker nog 'n keer in die weer. Hulle wou optree. Maar, hulle optrede het 'n probleem geskep. Die feit dat die Kerkkomitee eiendomsreg op die gebou besit het, en dat Anglikane daarin gedeel het, was aanleiding



tot 'n klompie lastige vrae. Vir wie was die gebou eintlik opgerig? Klaarblyklik was die bedoeling van die Kerkkomitee dat die gebou ook deur die Anglikane benut moes word.

Wat besig was om te gebeur het vir die Kerkraad van Fauresmith 'n probleem geword. Was die lidmate van die Ned. Geref. Kerk op Jagersfontein nie besig om op te gaan in 'n Anglikaanse kerk nie? Of was dit 'n soort van selfstandige en saamgestelde gemeente wat aan die ontwikkel was? Kon die Kerkkomitee werklik namens die lidmate van Jagersfontein optree en besluite neem? Teologies was dit ook nie 'n uitgemaakte saak dat die Ned. Geref. Kerk en die Anglikaanse interpretasie sonder meer onder een dak gehuisves kon word nie. Bowendien was dit vir ds. Luckhoff duidelik dat die Kerkkomitee kerkregtelik nie aan 'n bepaalde kerk verbind was nie. Dit was 'n komitee wat sonder kerklike sanksie en goedkeuring saamgestel is.

Ter wille van die bediening kon hy en die Kerkraad hierdie komitee nie ignoreer nie. Gedurende Oktober 1888 het hulle mekaar ontmoet om die saak uit te praat. Aanvanklik het 'n vergelyk buite bereik gebly. Standpunt is gestel, en koppe gestamp. Uiteindelik het die Ringskommissie van die Westelike Ring in Julie 1889 tussenbeide gekom. Die ooreenkoms het bepaal dat die kerkgebou die eiendom van die gemeente Fauresmith sou word. Daarvoor word alle uitstaande skuld die verantwoordelikheid van hierdie gemeente. Daarby is besluit dat 'n hulpprediker beroep kon word - veral met die oog op die bediening in Jagersfontein. Sy vergoeding sou uit die kas van die Kerkraad kom. Die Kerkkomitee - wat die Ned. Geref. Kerk betref - sou vervang word deur verkose kerkraadslede, wat dan in 'n kerklike sin en verband die bediening op Jagersfontein moes waarneem. Met hierdie ooreenkoms het die Anglikane op hulle eie gegaan en in 1891 'n kerkgebou opgerig.

Nog in dieselfde jaar (1889), in Oktober, het 'n gemeentevergadering op Fauresmith proponent J.W. Daneel as hulpprediker beroep. Hy sou hoofsaaklik op Jagersfontein arbei. Vir Jagersfontein is ook twee kerkraadslede gekies: ouderling C. Visser van Schraalkrans en diaken J.G. Brink, wat landdros op die myndorp was. Hiermee saam het die Kerkraad besluit dat die kansel van die kerk op Jagersfontein voortaan nie meer oop sou wees vir die Anglikaanse predikante nie. Die leerstellige verskil was te groot om met so 'n reëling deur te gaan. Slegs predikante van Presbiteriaanse oortuiging sou toegelaat word. So het dit vir die Weslyaanse predikant moontlik gebly om dienste waar te neem.

In 'n kerklike sin het daar dus om en by 1890 'n belangrike ontwikkeling gekom. Teen die helfte van die jaar is prop. Daneel georden. Saam met die twee kerkraadslede het hy begin met huisbesoek, en in die kerkie met sy sinkdak en spitstoring die eredienste gehou en die sakramente bedien. Vir nagmaal is die ou nagmaalservies van Fauresmith gebruik. Jagersfontein het 'n afsonderlike bedieningspunt geword wat al meer die karakter van 'n gemeente aangeneem het. Dit word bewys deur die feit dat die Kerkraad van Fauresmith op sy vergadering in Augustus 1890 reeds vir ds. Daneel toestemming gegee het om vir die "Kleurlingen behoorende aan onze Kerk te Jagersfontein diensten te beginnen". Sendingwerk het hom na aan die hart gelê. Daarin het hy sekerlik die lidmate voorgegaan. Toe 'n beroep in Oktober 1891 na die sendingveld in die Soutpansberg kom, was die saak uitgemaak. Ds. Daneel het van Jagersfontein en die gemeente Fauresmith vertrek. Daarmee het 'n leemte ontstaan.

## 'N VASTE BEDIENINGSPUNT WORD GEMEENTE: 1892

Toe ds. Luckhoff aan die begin van 1892 met lang verlof vertrek, is op sy aanbeveling ds. Robertzon, wat toe sonder 'n betrekking was en op Graaff-Reinet gewoon het, genader om die bediening te behartig. Hy het op Jagersfontein sy intrek geneem. Dis geen wonder dat toe die verloftyd van drie maande verstreke was, juis die Jagersfonteiners hulle beywer het om hom as 'n hulpprediker te behou nie. Met 250 handtekeninge is 'n versoek in hierdie verband by die Kerkraad ingelewer. Ten spyte daarvan dat ds. Robertzon hom by geleentheid aan sterk drank te buite gegaan het. Die Kerkraad het dadelik 'n woord van ernstige vermaning en versoening aan hom bedien. Omdat sy berou nie buite openbare en opregte belydenis van sonde om gegaan het nie, het die Kerkraad die versoek van Jagersfontein gehandhaaf. As hulpprediker is hy vir 'n jaar (tot einde April 1893) aan Jagersfontein verbind.

Op Jagersfontein het lidmate al meer aan hulleself as 'n gemeente begin dink. In Julie 1892 het 'n gemeentevergadering besluit om planne te beraam vir die stigting van 'n eie gemeente. Die tyd was ryp daarvoor. By die Ringsvergadering van 21-22 Oktober 1892 is die aangeleentheid deeglik bespreek en ooreengekom dat die totstandkoming van 'n gemeente op Jagersfontein die saak van die Here Jesus die beste sou dien. Dienooreenkomstig, en onder toesig van die Ring is op 1 November 1892 'n gemeente op Jagersfontein afgestig. Sy naam het hy van die myndorp in wie se midde hy geleë was, gekry. Een ouderling, C.J. Visser, en twee diakens J.G. Brink en Dirk Hertzog, het as eerste kerkraadslede voorgegaan. Saam het delwers en mynwerkers, boere, amptenare en 'n onderwyser of twee, vroue en kinders die gemeente gevorm en Sondae in die kerkie aan die oostekant van die dorp aanbid.



## DIE GEMEENTE KRY BESLAG 1892-1900

Op 1 November 1892 het die 34ste Ned. Geref. gemeente in die Vrystaat dus op Jagersfontein tot stand gekom. Twee probleme het hom onmiddellik in die gesig gestaan. Moes ds. Robertzon as eerste leraar beroep word? En, waar moes die grense van die gemeente getrek word? Op die eerste vraag het algou 'n antwoord gekom. Ds. Robertzon is beskou as 'n hulpprediker. Daarom kon hy nie by die kerkraadsvergaderings voorsit, of stem nie. Hy is toegelaat om die vergadering met raad te bedien. Daarby het die gemeente Jagersfontein finansieel vir hom ingestaan. Toe sy kontrak in 1893 verstryk, het die Kerkraad besluit om hom nie te beroep nie. Het hy nie goed by hulle aangekom nie? Op die tweede vraag het tot vandag toe nog nie uitsluitsel gekom nie. Die oplossing is telkens in bemiddeling gesoek, en gelaat.

Die Kerkraad het uiteindelik in 1894 in die persoon van proponent A.J. Malherbe 'n plaasvervanger vir ds. Robertzon bekom. Skaars het hy 'n maand in die gemeente gewerk, of die Kerkraad beroep hom op 23 April 1894. Daarmee het die gemeente sy eerste leraar gekry. Op 16 Julie 1894 is hy bevestig met oplegging van die hande. 'n Waarborglys vir sy vergoeding is deur gemeentelede saamgestel, terwyl 'n pastorie onmiddellik aangekoop is.

Die gemeente, en sy innerlike lewe het op dreef gekom. Dit het die tipiese eienskappe van 'n Ned. Geref. Kerk gedra. Sondagoggend en aand is vir 'n erediens vergader. Dikwels was die aanddiens, as gevolg van die bedrywighede van die myn, beter bygewoon as die oggenddiens. Die prediking het altyd sentraal gestaan. Die gebed voor die Skriflesing was lank en ernstig. Daarvoor het die manslidmate en seuns uit eerbied vir die Here opgestaan. Ds. Malherbe het die klem gelê op kragdadige. bekering en getuienis. Dikwels het hy oor die werk en die vrugte van die Heilige Gees gepreek. Veral by die pinksterbidure, en die week van gebed aan die begin van elke jaar, het sy evangeliese benadering die verlossing van Christus deur middel van bekering beklemtoon.

In die kerk het elke familie 'n eie bank gehad. Dit is jaarliks vir vyf sjielings by die Kerkraad gehuur. Die koster moes elke Sondag toesien dat niemand op 'n verkeerde bank gaan sit nie. Agter in die kerk is 'n bank oopgehou vir vreemdelinge. Dan het die pastorie en die landdros elk ook 'n eie kerkbank ontvang. Met die sitplekgelde het die koster byvoorbeeld lampolie gekoop vir die ligte in die kerk. Of voer vir die predikant se ry- en karperde. Hierdie kerkgeld of kerkpenninge is aangevul deur die doopgelde en "aannemingsgeld." By die opgee van doopname moes die ouerpaar 'n sjieling betaal. En as iemand die katkisasie deurloop het en belydenis van geloof wou aflê, moes ook vyf sjielings aangebied word. Dan was daar ook nog trougeld. Wanneer persone dit egter nie kon bekostig nie, is hulle van enige kerkpenninge kwytgeskeld.

By elke erediens is dankoffer ingesamel. Jaarliks, gedurende April is basaar gehou. Die inkomste is aangewend om skuld te delg. En die armes in die gemeente te versorg. Daarby is gesorg vir die helfte van die leraar se lewensonderhoud. (Destyds was die ander helfte deur die staat voorsien.) Hierbenewens is bydraes gemaak vir werksaamhede wat die Sinode aangepak het.

Die kinders is in 'n Sondagskool betrek. Daar het 'n superintendent en onderwysers voorgegaan. Bybelse geskiedenis het met name aandag ontvang. Wanneer iemand in die midde van die gemeente sy geloof wou bely, moes hy of sy eers die 14 daagse katkisasie, gewoonlik aan die begin van die jaar, deurloop. Twee ouderlinge en die predikant het dan vir twee weke die katkisante onder hande geneem en veral in die leer van die kerk onderrig. Groot nadruk is ook gelê op die sekerheid van die geloof en verlossing. Eers nadat katkisante die Kerkraad van deeglike kennis en persoonlike geloofsvertroue kon oortuig, is hulle toegelaat om belydenis van geloof af te lê.

Die Kerkraad het gereeld onder voorsitterskap van ds. Malherbe vergader - kompleet met swartpak en manel. Dikwels moes hulle lidmate die voorreg van nagmaal ontneem as gevolg van ergerlike en openbare sonde. Soveel keer het dit in verband met ontug gestaan. Sonder sonde was die gemeente op Jagersfontein nie. Die Raad moes erken dat die erediensbywoning nie na wense was nie. Die huisgodsdiens het by vele, veral in die oggend, verval. Drankmisbruik het by sommige lidmate kop uitgesteek. Dan was daar onmin tussen lidmate. Telkens het die Kerkraad 'n kommissie saamgestel en bemiddel om die vrede te herstel.



Baie bruinmense en swartmense het die myn en die gemeenskap met die blankes gedeel. Reeds in 1895 het dit by die Kerkraad ter sprake gekom om 'n "zendingkerk" "in verband met deeze gemeente" op te rig. Hierin het diaken J.G. Brink voorgegaan en gou 'n klompie swart mense bymekaar gemaak wat in die bediening van die Woord wou meegaan. In 1897 was daar reeds 36 lidmate. In dieselfde jaar is agt volwassenes en drie kinders gedoop. Nog twee ouderlinge het bygekom om Sondae die Woord te bedien en Vrydagaande 'n biduur waar te neem. Ds. Malherbe het self nie op hom laat wag nie. Een keer per maand het hy in die lokasie gepreek. Al om die ander keer het die sakramente bygekom. Het hier 'n tweede Ned. Geref. gemeente sy beslag gekry? In die Kerkraad is aan die einde van 1897 'n kommissie gevorm om die algemene belange van die sendingkerk te behartig. Een van die eerste dinge wat hierdie kommissie sou doen, was om 'n kerkboufonds in die lewe te roep. Reeds in 1899 is 'n eenvoudige geboutjie opgerig. Soos die gemeente Jagersfontein, het die sendinggemeente gekom om te bly.

Hoe was die verhouding met die die Engelse kerke? Met die Weslyane is besonder goed oor die weg gekom. Met hulle is 'n Britse en Buitelandse Bybel Vereniging gestig en daarin saamgewerk. Eenmaal per maand het ds. Malherbe ook 'n Engelse diens in die kerk gehou. Maar, met die Rooms Katolieke Kerk en in verband met sy klooster was daar tog spanning. Gedagtig aan wat in die Reformasie in die 16de eeu gebeur het, was daar steeds agterdog en 'n negatiewe gevoel teenoor mekaar.

So het die kerklike lewe van die Ned. Geref. Kerk op Jagersfontein gestabiliseer en vorm aangeneem. In hierdie myndorpie, met sy drie ander kerke, het ds. Malherbe saam met die ouderlinge en diakens die gemeente as deel van die kudde van die Here in hulle besoekwerk en in die eredienste met die Woord en die gebede versorg en begelei. Dit was nie altyd maklik nie. In 'n gemeenskap waar sondagsport, perdewedrenne en verwedding as vanselfsprekend deur baie aanvaar is, het die Kerkraad en predikant sterk afwysend standpunt ingeneem. Baie lidmate het egter meegedoen. Ander weer het kerklos geraak. En later die kerk heeltemal verloor. Dan was daar die natuur. Wie sou die runderpes van 1896 kon vergeet? En die droogte van dieselfde jaar? Tog het die gemeente sy gang gegaan. Op 'n rustige manier. Kinders het in hom opgegroei. Vir hulle, en hulle ouers, het sy bedieningswyse onmisbaar

geword. Al is dit nie elke dag gesê nie. En, sonder die "sendingkerkie" kon niemand hom indink nie. Dit was deel van sy lewe en bediening.

Daar was twee kanselbybels. Die een was die bekende State Vertaling in Nederlands. Die ander een was in Engels. Die beroemde King James Version. Beide is gebruik. Uit beide is gepreek.

Toe kom die Anglo-Boereoorlog.

## EN BELEEF 'N OMVATTENDE OORLOG 1900-1902

Die oorlog het 'n breuk in die lewe en geskiedenis van die gemeente op Jagersfontein gebring. Ds. Malherbe en die oorblywende Kerkraad moes in 1900 sien hoedat die gemeente kleiner word. Lidmate wat Vrystaatse burgers was, was toe al vir byna 'n jaar op kommando. Baie mynwerkers, en vroue en kinders het met die uitbreek van die oorlog uitgewyk na die Kaapkolonie. Die bankkollekte het van 13 pond na 5 pond per maand verminder. Alle mynbedrywighede is gestaak. Gedurende Mei 1900 het die Britse magte die dorp beset. Die waardevolle diamantmyn met sy uitstekende infrastruktuur was die aangewese plek om die militêre distrikshoofkwartier in te rig.

Die erediensle en Sondagskool het voortgegaan. Die oorblywende lidmate moes begelei en versorg word deur die Woord en die gebede. Veral die voorbidding vir vrede, en vir hulle op kommando, het diep ingeslaan in die eredienste.

'n Boeremag het teen die helfte van Oktober 1900 'n suksesvolle aanval op die dorp uitgevoer. In die oor en weer skietery was die Hollandse kerk aan die kant van die dorp vir die nie-vegtendes die aangewese plek om in skuiling te soek. Na die aanval het die Britse bevelvoerder besluit om die dorp te ontruim. Die meeste inwoners, met 30 pond bagasie, moes na Edenburg se konsentrasiekamp. Ander het by Bethulie geland. Die koster moes die deure en vensters van die kerk teen die einde van die maand dig toemaak. Vir byna twee jaar sou daar nie meer eredienste gehou word nie. Die kerkklok het nie meer op Jagersfontein gelui nie. 'n Gemeente is verstrooi. Ook die sendinggemeentetjie se lewe het verstil.

Die oorlog het aangehou tot in Mei 1902.

Die koms van die vrede het die terugkeer na Jagersfontein moontlik gemaak. Die dorpie het weer lewe gekry. Op die eerste Augustus 1902 kon die koster weer die deure van 'n verwaarloosde kerk oopsluit. Die gemeente kon weer vergader en saam luister na die Woord. Sommige sitplekke was leeg. Die oorlog het sy tol geëis.

Iets het met die gemeente gebeur. Wat het agter die verslaenheid gesit? Het sommiges hulle geloof verloor? Het ander in 'n onuitgesproke waarom die Here verwyt vir die gebeure? Of, het die antwoord in berusting gelê? Die verlore oorlog moes verwerk word. Daarin moes die Skrif voorgaan. Te midde van die lewe wat anders geword het.

Die bankkollekte vir Augustus 1902 was een pond veertien.

## DIE OORLOG WORD VERWERK 1903-1905

Vir die Kerkraad en die gemeente was daar veel om te doen. Die kerkgebou moes weer in orde gekry word. Met die lang toestaan het hy verweer. Die nagmaalservies het ook verdwyn. Daarvoor kon die Kerkraad eis by die sg "Repatriatie Board", 'n raad wat na die oorlog ingestel is om eise ten opsigte van oorlogskade te ondervang.

Na die oorlog was daar soveel meer armes wat in die myn 'n heenkome kom soek het. Die myn is hoofsaaklik weer in produksie gestel om as deel van die na-oorlogse opbou-program werk te verskaf. Veel minder uitlanders het nou in die myn gewerk. Verarmde Afrikaners het hier 'n werkie gevind. Dan was daar diegene wat met die aanbou van die spoorlyn en stasie 'n dagloon verdien het. Hierdie toestroming het 'n nuwe situasie geskep. In 'n omgewing waar armoede aan die orde was, het die gemeente nou as Kerk van Christus geleef. Die armes kon ook nie sienderoë in ellende gelaat word nie. As "armenverzorgers" het die diakens maand vir maand met alimentasie die behoeftiges voorsien van lewensmiddele. Self was die gemeente ook merkbaar armer. Die Kerkraad was genoodsaak om die salaris van hulle predikant met 'n kwart te verminder.

Ondertussen het ds. Malherbe 'n beroep na Dewetsdorp aanvaar. Op 21 Maart 1903 het hy demissie ontvang. Drie maande later, op 13 Junie 1903, het die gemeente in proponent J.P. van Huysteen 'n nuwe leraar ontvang. Vir hom was huisbesoek en die ampswerk van die ouderlinge van belang. Hy het die moeilike taak gehad om die gemeente te help om in 'n geestelike sin die oorlog te verwerk. Onderling was daar spanning tussen lidmate. Daar was diegene wat berus het in die uitslag van die oorlog. Selfs lank voor die gevegte formeel gestaak is. Toe so baie vroue en kinders in die konsentrasiekampe oorlede is. Ander het 'n bitter einde geskep en daarby gaan staan. Na die oorlog was die eers-

genoemdes onder verdenking. Dit was selfs 'n probleem om onder een dak te aanbid. Die jong predikant het bemiddel, hoewel enkeles onversoend gebly het.

In die Oranjerivier Kolonie het die Engelse onderwysbeleid glad nie goed afgegaan nie. Na die Kerkraad se oordeel is aan die regte van die Hollandse taal in die skool te kort gedoen. Selfs waar die "heilige beginsels van ons volk" in die spel gekom het, het die "teenparty weinig omgegee." Het die oorlog 'n volksnasionalisme wakker geroep? Het dit die bediening van die evangelie in Jagersfontein beïnvloed? Dit was immers 'n dorp waarin soveel Engelssprekendes gewoon en gewerk het.

Wat die onderrig van Jagersfontein se Hollandssprekende kinders betref, was die uitweg wat die Kerkraad gekies het om 'n alternatiewe en eie skool te bou. Daarvoor is 'n christelike, en 'n nasionale motief aangevoer. En, daarvoor is skuld aangegaan. Nog in 1904 is die skool geopen. Daarin het die taal, en die godsdiens, tot sy reg gekom. Toe die onderwysbeleid in 1905 verander is en uitdruklike wense ondervang is, was die kerkskool op Jagersfontein oorbodig. Daarom het die Kerkraad die gebou aan die skoolkommissie verhuur om deur die staatskool benut te word. In 1907, toe die staatskool vergroot is, is hierdie gebou in twee woonhuise omskep wat verhuur is.

Ds. van Huysteen was getrou in die huisbesoek. Daarby het hy veel klem gelê op bidure. Met die oog op 'n gestruktureerde bediening het hy in 1905 die gemeente in blokke verdeel. Vir elke blok het hy kerkraadslede verantwoordelik gemaak. En, hy het in die pad van die jaarlikse basaar gaan staan. Dankoffers, het hy aangevoer, is 'n vrywillige gawe wat hy nie in verband met die bedryf van 'n basaarfunksie kon bring nie. Die Kerkaad het toegegee. Was hulle oortuig? Of het hulle teen hulle beterwete gehandel?

Karel Ditsche het, soos voor die oorlog, weer 'n sendinggemeente bymekaar gemaak. Met preke, Bybelstudie en evangelisasie het hy in die sinkkerkie voorgegaan. En, by die Ned Geref gemeente belangstelling gekweek. Hy was immers besig met werk so eie aan die gemeente. Maar, die Engelse kerke het op die agtergrond geskuif. Iets het ingeskuif tussen hulle en die Ned. Geref. Kerk. In die Ned. Geref. Kerk was die Engelse dienste van voor die oorlog nou ook uit. Is die innerlike afstand deur die oorlog geskep?



Breedweg het die kerklike lewe op Jagersfontein teen 1905 allengs weer in 'n patroon tereg gekom. Die onderbreking van die oorlog is stelselmatig oorbrug.

## DIE GEMEENTE VIND HOMSELF EN ORGANISEER SY BEDIENING 1905-1926

Na 1906 het 'n tweede fase in die gemeente se geskiedenis hom aangekondig. Sy dienswerk is in verenigings georganiseer. Daarmee is hy voortgaande geassosieer. Saam met die erediensle, Sondagskool en bidure was dit vir die lidmate alles kerk, of hulle kerk. Daarby het die gemeente ook nie vry gebly van gebeure in die gemeenskap, en veral in verband met die myn nie. Dit het probleme geskep, en uitdagings gebied.

So is daar gedurende Augustus 1905 'n Vroue Sendingbond in die gemeente gestig. Vir 70 jaar en meer sou hierdie Bond die gemeentelike lewe stempel en aan die sending hou. Saam met die Kinderkrans het hulle na die belange van die sendingkerkie omgesien, wat in 1906 weer 50 lidmate en 200 siele getel het. Hierbenewens is 'n armsorgkomitee ook in die lewe geroep. Hierdie komitee het die armes en werkloses - waarvan daar baie was nadat die myn in 1908 soveel mense afgedank het - van klere en voedsel help voorsien.

Aan die begin van 1907 is 'n Jongeliedevereniging gestig. Daarin wou die Kerkraad die jongmense van die gemeente opvang en help aan Bybelstudie en die christelike lewe. Waarskynlik is daar in hierdie tyd ook 'n Manne Sendingbond van stapel gestuur. Hierdie verenigings dui daarop hoedat die gemeentelike lewe na 1905 gedy het.

Tog was daar ook rede om bekommerd te wees. Die Kerkraad moes by die Ring kla oor die swak geestelike toestand in die gemeente. Al minder huisgesinne het nog by huisgodsdiens byeengekom. Die "onderhoriges" en bediendes is nie meer soos van ouds daarvoor ingeroep nie. Dat die myn op Sondae in produksie was, was eweneens vir die Kerkraad 'n steen des aanstoots. Daarmee is baie manslidmate van die erediens uitgesluit. En, die Kerkraad was bewus daarvan dat veral onder die jonger mynwerkers, kerkloosheid voorgekom het. Baie het hulle lewe buite die kerk en christelike geloof om ingerig. Onsedelikheid en dronkenskap het voorgekom.

As die Kerkraad 'n waarskuwende stem oor die sonde in die gemeente en gemeenskap laat hoor het, dan moes hulle terselfdertyd 'n plan maak met die kerkgebou wat te klein geword het. Gedurende 1909

is die gebou vergroot. Twee vleuels het bygekom. Op die Kerkraadsvergadering van 27 Februarie van daardie jaar, is besluit dat die gemeente weer basaar moet hou. Die vrywillige bydraes was eenvoudig te min. Buitendien moes nuwe kerkskuld afbetaal word. Daarmee het die jaarlikse basaar gekom om te bly. Ds. van Huysteen sou egter nie bly nie. Op 27 Junie 1910 het hy vertrek.

In sy plek het ds. J.W. Meyer van Mafeking op 15 Julie 1910 gekom. Toe die gemeenteskuld in 1912 afgelos is, kon ds. Meyer en die gemeente mekaar egter nie vind nie. Aan die einde van 1912 moes die Ring 'n klagskrif van die Kerkraad teen hom in behandeling neem. Sy band met die gemeente is losgemaak. Hy kon eervol die bediening op Jagersfontein verlaat.

Juis in hierdie tyd het die Kerkraad erns gemaak met die oppervlakkige geestelike toestand van die gemeente. Soos in baie ander gemeentes het hulle die oplossing gesien in spesiale evangelieprediking. In 1912 het die Sendingsekretaris uit Bloemfontein gekom en 'n reeks dienste gehou. Hy het "een ziel tot lig" gelei, en 'n paar bekommerdes agtergelaat. Hy was egter nie die enigste wat op Jagersfontein aangekom het om die geestelike armoede aan die kaak te stel nie. Sommige lidmate het hulle laat vind vir die spesiale dienste van die, soos die Kerkraad hulle genoem het, Apostoliese Wederdopers[1] en die "Plymouthiste."[2] Die leer en belydenis van die gemeente was skielik in die gedrang. En, dit moes hanteer word.

Ondertussen was die gemeente vakant. Ds. P.A. Roux het eers op 14 November 1914 as nuwe leraar aangekom. By sy ontvangs was die Mynbestuurder sowel as die Engelse predikante van die dorp teenwoordig. Die gemeente het 'n belangrike instelling op die dorp geword. Sy predikant was sekerlik 'n invloedryke persoon in die gemeenskap. In die gemeente het hy op 'n bekwame manier voorgegaan en die organisering van sy lewe verder gevoer. Boonop is 'n nuwe pastorie vir 1500 pond in 1915 van die weduwee Visser aangekoop. Daarvoor is die geld teen ses en 'n half persent rente geleen. Die ou pastorie is aan die Skoolraad verhuur om as klaskamers te dien.

Die gemeentelike lewe, in sy verenigings, wyksbidure en jaarlikse basaar in die stadsaal - gereël deur die VSB - het homself gehandhaaf.

---

1 Hiermee is sekerlik die Apostoliese Geloofsending bedoel.

2 Hierdie is 'n verwysing na die sogenaamde Plymouth Brethren, 'n groep wat in die 19de eeu in Brittanje (in Plymouth) ontstaan het.



Die Jongeliedevereniging het doodgeloop, terwyl die Kinderkrans 'n bloeitydperk beleef het. Ds. Roux het ook die Kerkraad self geherorganiseer. Hy het die ouderlinge en diakens in kommissies laat saamwerk. Naas die reeds bestaande sendingkommissie, is daar nou ook 'n kerk- en finansiële kommissie aangewys. Kommissies sou die Kerkraad, wat steeds in ampsdrag en op Saterdae om 3 uur vergadering gehou het, voortaan lei. Het die Kerkraadsvergaderings hiermee nie meer saaklik geword nie? Is dit een van die redes waarom die tug al minder toegepas is?

Met die bediening van ds. Roux is die inslag en momentum wat na 1905 gekom het, dus verder gevoer. Maar, nie in maklike omstandighede nie. Die uitbreek van die eerste Wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat die myn weer 'n keer gesluit is. Vir die inkomste van die gemeente sou dit op die langer duur 'n harde slag wees. Arbeidsonrus en faksiegevegte onder die swart werkers van die myn in 1914 het verder bygedra tot onsekerheid. Om alles te kroon het die betrokkenheid van die Unie van Suid-Afrika by die oorlog, verhoudinge in die gemeente vertroebel. Die ou bitterheid van die Engelse oorlog het skielik weer na die oppervlak gekom. Toe daar 'n rebellie in die noorde van die Vrystaat posvat, moes ds. Roux vermaan dat die Kerk van Christus verhewe bo alle politieke partye is. Dit is juis moontlik omdat dit in ons selfverloëning lê, 'n selfverloëning, het hy gesê, wat 'n gawe van Christus is en wat ontvang moet word.

Uiteraard is die sendingkerk op die dorp ook deur die onluste en sluiting van die myn geraak. Lidmate het hulle werk verloor, of moes elders 'n heenkome gaan soek. Groot armoede het in die lokasie mense laat wanhoop. Met die meelewing en ondersteuning van die moedergemeente, het die sendingkerkie tog sy bediening gehandhaaf. Aan die einde van 1917 het Karel Ditsche as lekewerker die tuig neergelê. Hy is opgevolg deur Rob Richter. 'n Swart onderwyser, Zacharia Lebona, en Nieklaas Mukumela het as ouderling en diaken onderskeidelik bygekom om te help. Dit was nodig omdat die heropening van die myn in 1918 weer nuwe uitdagings en moontlikhede gebied het. Het dit tyd geword om 'n sendeling vir hierdie gemeentetjie te beroep? As die Binnelandse Sendingkommissie van die Sinode met die salaris kon help, en hy kon terselfdertyd op Fauresmith en in die kampong te Koffiefontein werk, sou dit moontlik wees. Die moontlikheid het werklikheid geword toe Eerwaarde D.J. Faasen deur die Binnelandse Sendingkommissie beroep word. Die VSB het vir 'n deel van sy vergoeding ingestaan. Op

10 Desember 1921 is hy op Jagersfontein bevestig. Een van die kerkhuise is ingerig as sendingpastorie. Die sendinggemeente het 'n tweede fase in sy geskiedenis betree. Dit is verder gevoer toe eerw. Faasen reeds die volgende jaar versoek het om by die Sendingsinode aan te sluit. Het die sendingkerk hiermee sy verband met die gemeente van Jagersfontein verloor?

Teen daardie tyd het ds. Roux lank reeds 'n beroep aanvaar. Trouens, hy het reeds op 27 Augustus 1921 vir oulaas op Jagersfontein gepreek.

Die gemeente en gemeenskap het 'n swaar tyd belewe. Hoewel die myn weer in produksie was, was daar nie geld om 'n leraar te beroep nie. Die gemeente het die armoede van die gemeenskap ook in homself opgeneem. Veral die VSB het gehelp met die versorging van die armes van die gemeenskap. Hulle, en die Kerkraad, het selfs ingespring by die werk van 'n gesamentlike kommissie van al die kerkgenootskappe op die dorp om die nood te help verlig. Dikwels ten koste van hulleself. In 1923 het die Sinode ingestaan vir 150 pond per jaar. Daarmee kon 'n leraar beroep word. Op 8 Maart 1924 is prop. J.C. du Plessis in die gemeente ontvang.

En, die taal van die gemeente het Afrikaans geword.

## DIE GEMEENTE BLY BY SY BEDIENINGSPATROON 1926-1946

In die nagenoeg 35 jaar van sy bestaan, is die gemeente dikwels met gemeenskapsarmoede gekonfronteer. Dit was eie aan 'n dorp, waar die ekonomie bepaal is deur mynbou-aktiwiteite. Hierbenewens het hy hom laat vind vir 'n kenmerkende sendingbenadering en werkswyse. Sy verenigings, en kerkraadskommissies het 'n gemeentelike karakter en bedieningspatroon geskep waaraan die lidmate gewoond geraak het.

In die jare 1926 tot 1930 het dit finansieel beter met die gemeente gegaan. Teen die helfte van 1925 kon die Kerkraad 'n motorkar huur ten einde die dominee met huisbesoek op die plase te besorg. 'n Groot kar het 'n sjieling per myl gekos. Met 10% korting op lang ritte. 'n Fordkar het 9 pennies per myl gekos. Sonder korting. Watter van die twee die Kerkraad gekies het, is nie bekend nie. Vir ds. du Plessis het die kerkrywerk in 'n gehuurde voertuig gou 'n kopseer geword. Die motor was onbetroubaar. En die herstelwerk 'n beslommernis. Op die ou einde het die Kerkraad maar self 'n kerkmotor aangeskaf. Toe ds. du Plessis op



2 Junie 1928 demissie ontvang om na Bethlehem te vertrek, het die motor die eiendom van die Kerkraad gebly.

Toe die ou en bouvallige pastorie in 1928 verkoop is, het 'n gemeentevergadering besluit om 'n nuwe pyporrel aan te skaf. Daarvoor is 'n gallery gebou. In 1931 eers kon die orrel van 1196 pond, in gebruik geneem word. Die sondagskoolkinders het vir 'n deel van die koste ingestaan.

Toe reeds het ds. D.J. Minnaar sy dienstyd as leraar van die gemeente voltooi. Op 24 Oktober 1931 is hy uit die gemeente weg. Op 8 Desember 1928 is hy bevestig. Hy het in 'n uiters moeilike tyd vertrek. Weens die depressie is die myn in 1932 gesluit en weer moes die Kerkraad en gemeente met armoede en skuld worstel.

Merkwaardig is wat die VSB in die lokasie vermag het. Deur hulle toedoen het die mynbestuur 'n mediese dokter vir die inwoners beskikbaar gestel. Daarby het hulle medisyne, klere, komberse en voedsel uitgedeel om die armoede te verlig. Daarnaas het hulle 'n sopkombuis in die dorp instand gehou. Die diakens het elke maand getrou by die lidmate (veral weduwees met kinders) wat gebrek aan voedsel en lewensmiddele gely het, omgegaan om hulle uit die kerkkas te versorg.

In 1932 was daar sprake dat die gemeente sy eie bestaan sou moes prysgee. Dit is aan die hand gedoen om in kombinasie met Springfontein (en nie Fauresmith nie) te gaan. Daarvoor het die Kerkraad nie kans gesien nie. Behalwe dat dit 'n onpraktiese reëling was, wou hulle die gemeente handhaaf, desnoods sonder 'n leraar. Terwyl soveel gedoen is met betrekking tot die versorging van die armes het ook die sendingkerk weer nader aan die moedergemeente kom staan. Gedurende 1930 het eerw. Faasen 'n beroep aanvaar. In sy plek het eerw. Wessels gekom. Hy het egter op Fauresmith gewoon, om beide dorpe te bedien. Op Jagersfontein het hierdie bediening skade gelei. Die Kerkraad het dit raakgesien. In Augustus 1931 is ooreengekom dat die jarelange geestelike werker Rob Richter, en met name ouderling Jan Mataung, die 324 siele en 128 lidmate van die sendingkerkie sou bedien. Die Kinderkrans en VSB het vir die salaris van mnr. Richter ingestaan.

Prop. D.J. van der Merwe is op 13 Maart 1933 in die amp van herder en leraar op Jagersfontein bevestig. Vir 'n deel van sy salaris het die Sinode ingestaan. Hy het 'n aantal huishoudelike reëls vir die Kerkraad opgestel, registers en 'n rooster vir die Sondagskool aangelê en elke tweede week in plaas van die gebruiklike biduur op die dorp, Bybelstudie

aangebied. Daarvoor het hy ook die splinternuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel, wat in 1934 in die gemeente ontvang is, gebruik. Hy het ook gepleit vir maandelikse bydraes, en daarvoor bussies in die gemeente versprei. Die sitplekgelde is op 'n Kerkraadsvergadering van 5 Augustus 1933 afgeskaf. 'n Ou gebruik het verval.

Nog 'n ou gebruik het in die gedrang gekom. Dit het die tonge behoorlik los gehad. By baie gemeentes is daar in die dertiger jare kelkies by nagmaal gebruik. Op Jagersfontein is gedurende 1937 'n opname gemaak om vas te stel hoeveel lidmate by die beker wou bly, en hoeveel na kelkies sou oorskakel. 'n Minderheid het toe nog die kelkies verkies. Die nuwe gebruik het egter gekom om te bly.

Aan die einde van Mei 1937 het ds. van der Merwe 'n beroep aanvaar. In sy plek het ds. J.B.J. Roux gekom. Na vier jaar is hy opgevolg deur proponent W.H. Visser, wat gebly het tot 7 September 1945.

Die lewe van die gemeente en sy kinders het in die patroon van die verlede voortgegaan. In die bediening is veel klem gelê op die geloof en sy beslissings, op getuienis, op die geestelike toestand van die gemeente. Sedert Augustus 1939 moes voornemende belydende lidmate 'n volle jaar katkisasie deurloop - benewens die tradisionele 14 dae. Daarby is die "buitelede" dikwels aangespreek om elke Sondag kerk toe te kom. Steeds is basaar gehou. Braaivleisfunksies het sedert 1942 die kerkkas verder gesterk. Dit het ook 'n gewoonte geword om teen November van elke jaar 'n drielinginsameling te hou. Die boere is dit op die hart gedruk om na die geestelike versorging van hulle werkers om te sien. Toe die myngeboue in 1943 gebruik is as 'n interneringskamp vir Ossewabrandwaglede, het die Kerkraad besin oor die wyse waarop hulle, en hulle wagte, bedien kon word.

Die VSB aanvaar in 1940 die verantwoordelikheid vir 'n sendingwerkster op die sendingstasie Hofmeyr in die destydse Noord-Rhodesië. Daarby het hulle steeds die plaaslike sendinggemeente ondersteun. Hoewel die Algemene Sendingkantoor druk uitgeoefen het om Jagersfontein, Fauresmith, Luckhoff en Koffiefontein in 'n kombinasie met een sendeling te betrek, was daar op Jagersfontein sterk weerstand hierteen. So het die plaaslike sendinggemeente in 1938 byvoorbeeld nie die sendeling van die kombinasiegemeente erken nie. Hulle het mnr. Richter bo eerw. Potgieter, wat op Fauresmith gewoon het, verkies. Hulle het selfs sover gegaan om op 25 November 1939 vir mnr. Richter as leraar en ds. Roux as konsulent te beroep. Dit het nie gerealiseer nie. Kerkregtelik kon dit in elk geval nie in die patroon en bepalinge van die Ned. Geref. Kerk inpas nie. Eers toe mnr. Richter in 1945 weens ouderdom "aftree" is daar weer in 'n kombinasie met Fauresmith en Luckhoff meegegaan. Jagersfontein het 'n swart evangelis in die persoon van Jesaja Mohlolo beroep. In 'n baie bouvallige kerkie moes hy voorgaan.

Op 26 Oktober 1945 is ds. J.J. Lubbe van Vredefort vir Jagersfontein in die plek van ds. Visser beroep.

## 'N NUWE FASE VAN ONTWIKKELING 1947-1972

Teen hierdie tyd was dit duidelik dat die gemeente homself en sy georganiseerde lewe onder moeilike omstandighede kon handhaaf. Die probleme (veral finansieel) wat met die sluiting van die myn in 1932 sy bestaan bedreig het, is oorkom. Hy het daarin geslaag om homself mettertyd te onderhou en kon dus in die normale sin van die woord as 'n tipiese plattelandse Ned. Geref. gemeente funksioneer. Gedurende 1946 het daar weer 'n ontwikkeling op die dorp aan die gang gekom wat sy merk op die gemeente en sy samestelling sou laat. Die myn sou weer geaktiveer word. In daardie jaar is Charlesville uitgelê en as 'n moderne myndorp gebou. Baie nuwe intrekkers het lidmate van die gemeente geword. Omdat hy apart van die ou dorp opgerig is, het sy inwoners effens op hulleself 'n gemeenskap gevorm. Daarmee het nog 'n groepering in die gemeente bygekom. Was dit 'n probleem? Het daar ongemerk 'n differensiasie ingesluip? Charlesville het nooit 'n eie gemeentelike lewe georganiseer nie.

Die gemeente het in die volgende 20 jaar 'n ontwikkeling van sy eie deurgemaak. Hy het 'n nuwe pastorie en saal laat bou. Die kerk is van voor tot agter vernuwe, terwyl ook ingestaan is vir 'n nuwe sendingkerk en pastorie. Benewens die bestaande verenigings is die kerkraadskommissies uitgebou en die gemeente in wyke ingedeel. In die prediking het nuwe aksente 'n oriëntering by lidmate gekweek wat daarop dui dat 'n derde fase in die gemeente se geskiedenis nou aangebreek het.

Die mynboubedrywighede het nuwe lewe in die dorp en sy gemeenskappe geskep. Daarin het lidmate gedeel. Terselfdertyd het hulle wêreld verander. Motors, elektrisiteit en water het as alledaagse gebruiksartikels beskikbaar geraak. Die radio en pers het hulle by wêreldgebeure en aangrypende tegnologiese ontwikkeling betrek. Dit is in verband met die christelike geloof gebring en moes verreken word. Daarmee het veral die predikante gehelp.

Toe die eie vaderland en sy bestel in die gedrang kom, is die wêreld en sy politieke geskiedenis as 'n bedreiging ervaar en aangedui. So het daar na 1950 'n bewussyn gegroei van die bedreiginge uit Afrika, en uit die eie vaderland. Daar is gepraat oor die gevaar van Kommunisme, van die Rooms-Katolisime en die onsekerheid van die eie toekoms. Van 'n verskuiwing in die norme van die samelewing is bewus geword. Sosiale euwels is uitgewys en aangespreek. Die oplaaiende spanning tussen swart en wit en die vrywording van Afrika is in die gemeente bespreek, en negatief geëvalueer. In 1950 is die Kerkraad verteenwoordig op die groot "apartheidskongres" in Bloemfontein. Het al hierdie nuwe insette en ontwikkelinge onbewustelik 'n lewensuitkyk by baie lidmate gekweek? Kon hulle dit verhelp? Het die Woord, en sy bediening die troos en versekering gebring waarna onbewustelik gevra is? Of het eie sekerhede daarop ingespeel? Immers, met die volk, wat nou tot homself gekom het, het weer iets gebeur toe daar 'n Republiek vir hom gegun is. Maar die onsekerheid het gebly. Vir die gemeente was dit 'n probleem.

Te midde van nuwe vraagstelling, en standpuntstelling, het die gemeentelike lewe egter gedy. Die predikante - daar was van 1946 tot 1972 ses van hulle - het elk op 'n eie manier daaraan rigting gegee. Ds. Lubbe, wat 'n ervare en waardige leraar was het die roeping, die geloof en die christelike verantwoordelikheid geaksentueer. By die Kerkraad het hy ingeskerp dat dit om ampswerk gaan. Soveel broederlike onderhoude, waarin kerkraadslede gewoonlik self voorgegaan het, het gefokus op een of ander aspek van die kerkraadslid se werk, of sy voorbeeld en pligte. Die Kerkraad het in vyf kommissies gewerk: een vir spoedeisende sake, een vir sending, een vir finansies, een vir die Sondagskool en een vir werke. In 1948 het nog 'n armesorgkommissie bygekom.

Die gemeente is in wyke herverdeel. Elke wyk het 'n nommer ontvang, met 'n ouderling en diaken. Daarmee is die gemeente gestruktureer. By die verenigings, en die kommissies het ds. Lubbe, en sy vrou, die christelike konsekwensies vir die sosiaal-etiese en huislike lewe aan die orde gestel. Dikwels is byvoorbeeld by die VSB nou ook gepraat oor die rol van die vrou as moeder, en bedreiginge vir die gesinslewe en die gevare wat die jongmense van die oorgelewerde geloof kon losskeur.

Om en by 1953 het die Kerkraad en predikant bewus geword van die behoefte aan kerkherstel en evangelisasie. Dit is indringend deur die Ring van 1953 bespreek. Daarmee is die ou gedagte van spesiale evangelieprediking in 'n ander rigting gestuur. Evangelisasie het 'n saak geword wat deur die ampte en plaaslike Kerkraad tot sy reg moet kom. Die klem is van 'n spesiale prediker, en spesiale dienste, verplaas na die ampswerk van veral die ouderlinge. Met entoesiasme het ds. Lubbe die gedagte by die gemeente op Jagersfontein ingedra. Kerklos lidmate moes weer gewen word. Lidmate wat sonder geloofsekerheid geleef het, moes aan die ware geloof gehelp word. Veral die pinksterbidure is hierop afgestem. Dan het ds. Lubbe die Kerkraad en hulle vrouens in die pastorie laat saamkom vir beplannning, bespreking en gebed. In 1954 het lede van die Kerkraad en ds. Lubbe 'n evangelisasiekursus deur ds. J.C.G. Kotzé op Fauresmith bygewoon. Op 'n keer het sy ywer die oorhand gekry. Hy het die Kerkraad "biddelose brickblokke" genoem - en moes om verskoning vra.

Toe ds. Lubbe op 10 Maart 1956 uit die gemeente vertrek, het ds. F.J. van der Merwe hom opgevolg. Sy benadering was minder formeel, maar in die breë geknip op die patroon van sy voorganger. In die jong ds. Louis Louw (bevestig op 23 Maart 1963) het die gemeente iemand gekry wat 'n groter belang by die jeug gehad het. Wat sy bediening betref, kon hy steeds die vrugte van die strukturering van ds. Lubbe pluk. Hy sou tot 26 November 1966 arbei. Elke jaar kon die Kerkraad die verslae van die gemeentelike werksaamhede aanhoor: die VSB, Sondagskool, Kinderkrans, Sustershulpdiens (wat in die jare sestig bygekom het), KJV en die CSV. Die gemeente het lank nie meer gedink aan die probleme van die dertiger jare nie.

So het ds. J.D. van der Merwe, wat van Bainsvlei gekom het (23 September 1967), die gemeente aangetref. Maar, hy moes aandag gee aan die finansies. Was daar weer 'n probleem aan die oplaai? Sedert die jare vyftig het dit uitstekend met die gemeente gegaan. Vir baie lank was sy bydrae in terme van inkomste die hoogste in die Ring. Daar was selfs baie geld op vaste belegging. Soveel so dat die gemeente al sy eiendomme feitelik kon vervang. Eers is 'n nuwe pastorie langs die kerk gebou en in 1954 in gebruik geneem. In 1956 is begin met 'n kerkboufonds met die doel om die kerkgebou geheel en al op te knap. Teen die helfte van 1959 is die werk afgehandel. In plaas van om te restoureer, het die kerkgebou nuwe banke gekry, 'n nuwe kansel en 'n nuwe doopfont. Die ou kandelare is met buisligte teen die dak vervang. Die oorspronklike kansel en doopfont is aan die Geref. Kerk van Fauresmith verkoop. En, in 1964 is die ou saal afgebreek en met 'n nuwe vervang. Was die vestiging van die nuwe infrasturktuur vir die gemeente te duur? Toe die

myn op 31 Mei 1972 sluit en die land se ekonomie sy rieme begin styf loop, het die gemeente nie meer soveel oorgehad nie. Tekorte en moontlike tekorte, saam met die sinodale verpligtinge, het 'n belangrike saak op die agenda van die kerkraadsvergadering geword. En, dit het stremmend ingewerk op sy werksaamheid.

Nog een vraag moet beantwoord word ten opsigte van die tydperk 1946-72. Wat het van die sendinggemeente geword? Nadat mnr. Richter van die toneel verdwyn het, het die Kerkraad se sendingkommissie sterker op die voorgrond getree. Die ou sendingkerkie is afgebreek en nog gedurende Maart 1948 met 'n nuwe vervang. Dit is grotendeels deur die gemeente van Jagersfontein moontlik gemaak. Veral die VSB het 'n deurslaggewende rol gespeel by die insameling van fondse hiervoor. Die hoeksteen is 'n geskenk van die Kinderkrans.

Verder is besluit om in die lig van die heropening van die myn, weer 'n sendeling te beroep. Die Binnelandse Sendingkommissie van die Sinode het met die helfte van die salaris gehelp. Op 3 Junie is eerw. Page toe op Jagersfontein ontvang. Hoewel hy onder veel spanning sy werk moes doen, het hy, behalwe op die dorp, ook geestelike werk op plase gedoen. Hy is deur 'n swart evangelis bygestaan. Met pinkster het lidmate van die moederkerk dit vir hulle werknemers moontlik gemaak om die bidure van eerw. Page by te woon. Daarby het die sendingkommissie en die VSB gewoonlik ook met bidure gehelp. Eerw. Page sou sy bediening voortsit tot einde Junie 1957. Toe het hy vertrek, nadat hy in November 1955 die nuwe sendingpastorie van die Kerkraad kon betrek.

Hierna was daar weer 'n tyd van onsekerheid. Die Sinodale Sendingkommissie het aangedring op 'n gesamentlike onderneming deur die gemeentes van die omgewing. Daarmee kon die koste versprei word. In kombinasie met Luckhoff en Fauresmith het die Kerkraad vir 'n kort periode in 1959-60 eerw. F.J. Ollewagen as sendeling ontvang en help onderhou. Met sy vertrek was dit 'n vraag of 'n swart leraar nie beroep moes word nie - vir Jagersfontein alleen. Die geskiedenis was weer reg. Die bediening in 'n kombinasie-gemeente kwyn eenvoudig. Op 27 November 1961 het die Sendingkommissie derhalwe saam met drie kerkraadslede van die sendingkerk in die pastorie vergader en prop. M.P. Sebotsa beroep. Het die sendinggemeente daarmee 'n eie en meer onafhanklike weg ingeslaan? Sou die verhouding nou meer in 'n formele sin begryp word? Steeds is finansieel gehelp. Maar het die gemeentes geestelik nog so na aan mekaar beweeg? Daar is steeds baie oor sending



in die moedergemeente gekonfereer. En, daarvoor gewerk. 'n Tak van die Manne Sendingbond het steeds bestaan. Die VSB het steeds gehelp, en boonop 'n sendingwerkster in Zambië (na 1964) onderhou. Teen die einde van 1967 het ds. Sobotsa 'n beroep na Germiston opgevolg. Op die oog af het die ondersteuning al meer 'n finansiële en materiële karakter bekom. Jaarliks het die sendingkommissie 'n vergadering met die Kerkraad van die sendinggemeente, wat ingeskakel het by die Ned. Geref. Kerk in Afrika, volgehou. Toe die nuwe sendingleraar 'n jaar of wat later kom, is die ondersteuning voortgesit. Ondertussen het 'n handjie vol lidmate van die Ned. Geref. Sendingkerk op Jagersfontein gevra vir kerklike bediening. Dit is gedoen in verband met die gemeente Rietrivier-Wes, met ondersteuning van die Kerkraad.

Oorskou 'n mens die tydperk tussen ongeveer 1950 tot 1970, is dit duidelik waarom die gemeente 'n verdere fase in sy geskiedenis beleef het. Dit was 'n tyd van stabiele groei, 'n tydperk sonder innerlike spanning, 'n tydperk waarin die gemeente sy eiendomme kon opknap, en daarvoor genoeg geld gehad het. Finansieel het die gemeente 'n bloeitydperk beleef.

## DIE GEMEENTE IN 'N TYD VAN VERSKUIWING, VRAAGSTELLING EN AANPASSING 1972-1992

Hiermee is met die verhaal gevorder tot in die eie tyd. Het daar weer iets met die gemeente gebeur oor die afgelope 20 jaar? Kan 'n mens praat van 'n vierde fase in sy geskiedenis? Meer as een probleem het hom gekonfronteer. En, sy lewe as Kerk van Christus bedreig. Die gemeente het immers 'n tyd van verskuiwing, vraagstelling en verantwoording deurgemaak. 'n Tyd waarin ou beproefde antwoorde sy seggenskrag verloor het. 'n Tyd waarin die tradisie in die gedrang gekom het. 'n Tyd van 'n grensoorlog, opstande en onluste. 'n Tyd van skeuring. 'n Tyd waarin sekerheid oor die aard van die evangelie gekry moes word. 'n Tyd wat om aanpassing gevra het.

Ds. B.J. Cronje se dienstyd - hy is op 23 Junie 1972 in die plek van ds. van der Merwe beroep - staan nog grotendeels aan die begin van die nuwe fase. Toe hy aan die einde van 1975 afskeid neem, het die tyd van verskuiwing en onsekerheid reeds aangebreek. Aan die bediening sou dit besondere eise stel. Wat die innerlike lewe van die gemeente en sy georganiseerde samestelling betref, het daar nou verandering gekom. Sinodale besluite het 'n einde gebring aan werkswyses en gebruike. Al

die verenigings moes gemeente-aksies word. So is die Manne Sendingbond ontbind. Die VSB en Vrouehulpdiens het saamgesmelt om aan die begin van 1980 'n Vroue-aksie te vorm. Hierin moes ds. P.J.J. van Rensburg en sy vrou die gemeente begelei. Dit is nie deur almal ewe goed ontvang nie. Het die sending van die gemeente 'n knou gekry met die verdwyning van die VSB? 'n Baie lang gemeentelike tradisie is immers deur 'n sinodale besluit beëindig. Dit is dadelik 'n vraag of die gesag en afdwingbaarheid van die Algemene Sinode se besluite goed beleef is? Kon almal hulle daarmee versoen?

Daarby is 'n nuwe Psalm en Gesangboek op 29 Oktober 1978 ontvang. In 1983 is 'n hervertaling van die Bybel in Afrikaans bekendgestel en in gebruik geneem. Nog 'n ontwikkeling was die beskikbaarstelling van kursusmateriaal deur Bybelkor. Lidmate kon nou kursus op kursus oor allerlei sake aanskaf en deurloop. Bybelstudiehandleidings vir groepe het beskikbaar geword. Op 11 September 1983 moes ds. van Rensburg weens verswakte gesondheid demissie aanvaar. Prop. T.R. Kriek is op 20 Januarie 1984 in sy plek georden en bevestig.

Teen die helfte van die jare tagtig het hy lidmate laat kennis maak met gemeentebouseminare en programme. Dit is daarop bereken om lidmate in die dienswerk te aktiveer en toe te rus. Om hulle betrokke te kry by die gemeente en sy werk. Daarmee is die nuwe benadering verder gevoer. Aksente hiervan is by die gevestigde gebruike en lewenspatroon geakkommodeer.

Soos in die res van die Ned. Geref. Kerk, het die veranderinge en nuwe benadering ook op Jagersfontein spanning by lidmate gewek. Toe beswaardes in 1987 die Ned. Geref. Kerk verlaat om 'n Afrikaanse Protestante Kerk te stig, het enkele lidmate op Jagersfontein meegegaan. Die sinodale hersiening van die kerk se 1974-standpunt in verband met "afsonderlike ontwikkeling" en die eenheid van die kerk soos dit in die beleidstuk van die Algemene Sinode *Kerk en Samelewing* aangekondig is, het hulle dwars in die krop gesteek. Maar, waarom? Om 'n gemeente te verlaat is 'n gewigtige saak. Hy moet sy belydenis en belydenisskrifte wysig of sy bestaan as Kerk van Christus prysgee. En nie een van die twee het op Jagersfontein gebeur nie.

Op 26 Januarie 1991 is ds. Johan Reyneke met oplegging van die hande in die amp van leraar bevestig. Terwyl predikante kringetjie om hom gemaak het, het hy soos sy 18 voorgangers plegtig belowe om die verkondiging van die Woord van God en die bediening van die gebede en



die sakramente te behartig. 'n Gemeente wat nagenoeg 100 jaar oud is, het hom geroep en afgesonder om die herderlike sorg en behoorlike huisbesoek waar te neem. En, om as herder en leraar in hulle diens aan die Koning van die eeue te kom deel.

Hy het 'n gemeente gevind met 'n lang tradisie waarin die sendingkerk op die dorp ondersteun en versorg is. Trouens, dit is dwarsdeur die spanningsvolle jare sedert 1976 volgehou. In tye toe die sendinggemeente vakant was, het ouderlinge met die dienste gehelp. In die jare sewentig was dit M.J.P. Botha en W.K.E. Cloete. Voor ds. Botha gekom het, was dit ouderling du Plessis gedurende 1986. In 1987 het die gemeente 'n nuwe gebou ontvang. En twee jaar later 'n nuwe pastorie. In 'n skakelkommissie word sake van gemeenskaplike belang behartig.

Ds. Reyneke het ook 'n gemeente gevind wat nog altyd lojaal aan hulle predikant was. 'n Gemeente wat, anders as so baie plekke in die Vrystaat, uit en met 'n myndorp gegroei het. Wat dáár Kerk van Christus moes wees.

## 'N EEU IN OëNSKOU

Dit het tyd geword om die sakkie toe te knoop. Oor die afgelope eeu het die gemeente vier fases in sy geskiedenis deurgegaan. Die eerste fase was 'n tydperk waarin hy homself as 'n gemeente moes vind. Dit is onderbreek deur die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. Kenmerkend van die tweede fase (ongeveer 1905-1946) was die wyse waarop hy sy lewe georganiseer het. Verenigings, en die Kerkraad het die gemeente aan mekaar gebind en in die dienswerk voorgegaan. Die derde fase staan in die teken van strukturering. Die Kerkraad het in soveel kommissies gefunksioneer. Maar, sy dienswerk en bediening is al minder in sy vergaderinge bespreek. Het dit 'n administratiewe aangeleentheid geword? Die gemeente kon in elk geval homself rustig opbou en sorg dra vir die instandhouding van sy bediening. Tot hier teen die helfte van die jare sewentig. Daarna het 'n fase van verskuiwing en aanpassing aangebreek. Onsekerheid het gevolg gegee aan standpunte en hernude beplanning. En, sekerlik ook weer aan die vraag na die troos en versorging van die Here van die Kerk.

Kenmerkend van die dienswerk van die gemeente was die aandag wat sending en die diens van barmhartigheid ontvang het. Die sending het eintlik opgegaan in die ondersteuning en versorging van die sendingkerkie op die dorp. Daarmee is gestand gedoen aan die manier

waarop die Skrif die verband tussen gemeentes beskrywe. Die vraag is of die verband wat daar so met die jare heen gegroei het, omvattend genoeg en wedersyds tot eer van die Here en tot versterking van mekaar ontvang is? En, was dit sending in die ware sin van die woord? Op die keper beskou het die versorging van behoeftiges na 1940 tog op die agtergrond geskuif. Moet dit daaraan toegeskrywe word dat die staat 'n groot aandeel geneem het in die implimentering van volkswelsynprogramme?

In 'n teologiese sin is die gemeente in die bediening van die Woord begelei en beïnvloed. Ook dit kan as 'n ontwikkeling beskrywe word. Die prediking getuig van 'n evangeliese omgang met die Woord. Daarin is geloofsekerheid sentraal gestel. Die beslissings van die geloof, en die konsekwensies daarvan is dikwels in preke en konferensies uitgespel. Soms is daar van herlewing gepraat. Na 1950 het die klem meer op die ampswerk van die ouderlinge geval. Kerkherstel is in gemeentelike evangelisasie gesoek. Na 1980 is die aksent nog verder verskuif. Die gemeente as sodanig moes opgebou word. Daarom is soveel aandag aan die toerusting van lidmate gegee. Die gemeente en sy bediening het in die sentrum te staan gekom. Na 'n eeu is 'n kantaantekening of twee seker gepas. Is dit by die gemeente ingeskerp dat die beslissings van die geloof in werklikheid voorafgegaan word deur die begenadiging van ons Here Jesus? Het die gemeente genoegsaam uit die troos van Sy verkiesende barmhartigheid gelewe? Dui die programmering nie op 'n versáákliking nie? Is die implimentering van effektiewe bedieningstrukture - en die instandhouding daarvan - kenmerkend van die lewe van die Kerk van Christus? Daarby is dit 'n vraag of die klem op die gemeente en sy opbou nie tog ook op 'n manier die Here van die Kerk op die agtergrond stel nie. Dit gaan immers in die Skrif nie soseer om die kerk of gemeente nie, maar om Christus. 'n Laaste vraag. Het die Belydenisskrifte die gemeente aan die Skrif en die verstaan van die Skrif gehelp? Of het hulle in die vergeethoekie bly lê?

Maar genoeg. Al hierdie vrae is van groot belang wanneer die kerk op Jagersfontein se geskiedenis vertel word. En, hulle moet gevra word. Ook die groot vraag of die gemeente in sy optrede en dienswerk getrou was aan sy opdrag as Kerk van Christus? Word hierdie vrae gevra, dan leer die Here van die Kerk die gemeente iets uit sy geskiedenis. Dan kom die oortuiging om nie in die verlede te roem nie, maar in die Heer wat sy Kerk versorg en bewaar het.



Ons Here het self aan die afgelope 100 jaar se kerkgeskiedenis op Jagersfontein beslag gegee. Hier was en is Hy in Woord en Gees aan die werk. Hier het Hy in die bediening van die Ned. Geref. Kerk soveel mense, bruin en swart en wit, teëgekom. Daarmee het Hy die getal van die uitverkorenes gevul. Op Sy eie het hy Sy kudde aan die lewe gehelp en gehou. Al is dit al wat hierdie verhaal 'n mens leer, is dit genoeg.

# EEUFEESPREEK: UITNODIGING NA DIE FEESMAAL
## SKRIFLESING: MATTEUS 22:1-14
## TEKS: MATTEUS 22:8,11

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Dit is met dankbare harte dat ons vandag hier saam is as gemeente- en oud-gemeentelede. Dit is 'n genade-voorreg om die eeufees in ons gemeentegeskiedenis met mekaar in die erediens as feesgebeure voor die troon van die lewende Here te deel.

As 'n mens die evangelie sou kon saamvat in 'n paar woorde, sou jy dit kon noem: "DIE UITNODIGING NA DIE HEMELSE FEESMAAL." Na hierdie fees is Christus se bruidskerk op pad. Ook u, medegelowige, is 'n genooide gas na die bruilof van die Lam. Blaai maar deur die Bybel en u sal vind dat die Here u verlossing keer op keer koppel aan 'n feesmaal. Dit is asof die Here ons nou reeds hier op aarde in die feesstemming wil plaas.

So dink ons aan die instelling van die paasfees: God beveel sy Ou Testamentiese volk om die uittog uit Egipte met 'n fees te gedenk. Ons dink aan die instelling van die nagmaal. Op die vooraand van sy kruisdood, beveel Jesus sy Nuwe Testamentiese Kerk om hul verlossing met 'n feesmaal te vier. Openbaring 3:20 praat van die feesmaal van 'n gelowige wat sy Here ontmoet het: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou en hy saam met my." Die nagmaal wil ons opnuut daaraan herinner dat ons genooide gaste na die hemelse feesmaal is.

In die gelykenis van Mat. 22 gaan dit juis hierom. Ons lees van 'n koning wat 'n fees vir sy seun berei het en sy diensknegte uitgestuur het om die genooide gaste in te bring. Maar wat gebeur? Hulle het die uitnodiging nie aangeneem nie. Hulle steur hulle nie eers daaraan nie. Dan stuur die koning weer sy diensknegte uit om almal wat hulle kon vind te nooi.

### ALMAL IS GENOOI NA DIE FEESMAAL (Mat. 22:8-9)

Destyds was feestelikhede soos hier beskryf word aan die orde van die dag. Wanneer 'n koning 'n feesmaal gereël het, het die genooides gewoonlik oor lang afstande te voet gereis. Dit was dus onvermydelik dat



hulle voete en klere vuil geword het. Hiervoor het die koning voorsiening gemaak. By die deur was 'n dienskneg wat die voete van die feesgangers gewas het. Vir elke gas is 'n feeskleed omgehang, sodat hulle met vrymoedigheid voor die koning kon verskyn.

Almal is genooi en vir almal wat genooi is, was dit moontlik om nuut en skoon voor die koning te verskyn.

Almal genooi: dit is die Bybel se boodskap. Die evangelie moet die sondeskanse deurbreek sodat ons, gewas in die bloed van Christus, nuut en vrymoedig voor die Koning kan verskyn. Hierdie uitnodiging van die Here is so ruim en allesomvattend, dat niemand van ons eendag enige verontskuldiging sal hê nie.

### NIEMAND KAN OP EIE VERDIENSTE VOOR DIE HERE STAAN NIE (Mat. 22:12)

Eindelik breek die oomblik aan dat die koning kom om die gaste te ontmoet. Terwyl hy na die gaste kyk, sien hy iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. Hy vra aan hom: "Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?"

Miskien wonder u nou: wat was dan fout met hierdie feesganger? By die deur is ook aan hom 'n bruilofskleed aangebied, maar hy het dit nie geneem nie. Juis dit was sy oortreding: hy kom staan voor die koning met sy eie stofbelaaide kleed. Hy wys die bruilofskleed van die hand en verskyn voor die koning op eie verdienste.

Wat wou Jesus met hierdie gelykenis sê? Die gelykenis waarsku teen twee verkeerde maniere om op die koning se uitnodiging te reageer. 'n Mens kan dit soos diegene wat eerste genooi is, sonder meer van die hand wys. Hulle werk en eie belange was vir hulle belangriker as die uitnodiging. Hulle het hulle rug op die koning gekeer sodat hy die oordeel moes vel: "Die genooides was die uitnodiging nie werd nie." (Mat. 22:8).

Daar is ook 'n tweede moontlikheid, nl om tog die uitnodiging te aanvaar, maar op jou eie voorwaardes. Dan verskyn jy voor die koning soos die feesganger sonder die bruilofskleed. Met jou eie kleed, jou eie verdienste en jou eie geregtigheid.

Duidelik kom die oordeel: niemand kan op eie verdienste voor die Here staan nie. Dit het die lewe van sy Seun gekos om ons in 'n bruilofskleed toe te vou. Hieroor gaan dit ook in die nagmaalsfees. In die sigbare

tekens van brood en wyn, dank ons die Here by hernuwing dat Hy aan elkeen van ons 'n bruilofskleed voorsien het.

## DIE HERE VOORSIEN VIR ALMAL BY DIE FEESMAAL
(Mat. 22:9-10)

In 2 Pet. 1:3 staan: "Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien." Die waarborg van ons uitnodiging is in Jesus Christus geseteI. Hy voorsien my toegangskleed. Dit is die kleed deurweef met sy smart en lyding en dood. Dit is die kleed waarin sy liggaam gebreek is en sy bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

Alleen so kan ons voor die Here kom staan: nie met ons eie geregtigheid uit die wet en ons eie verdienste nie, maar deur ons geloof in Jesus Christus alleen. Die sondaarmens wat sy eie vodde raaksien, dit in sondebelydenis ruil vir die bruilofskleed van Christus, kan kom aansit by die hemelse feesmaal.

Wanneer die koning die feessaal binnekom, sal hy nie die gelapte vodde raaksien nie, maar die mantel van Christus se genade oor ons skouers. Dan sal ons saam met die Koning van die eeue, ons Vader, kan feesvier, vir ewig en altyd.

## AFSLUITING

Dankbaar kyk ons vandag terug oor 'n eeu van Goddelike begenadiging vir hierdie gemeente. Die feeskarakter van dankbaarheid en blydskap word deur die boodskap van Matteus 22 nog groter in die wete: ons is genooide gaste na die feesmaal van die ewige lewe.

Mag die gebeure wat ons as gelowiges vandag hier saam beleef, ons biddend laat groei na Christus toe, sodat ons saam met die psalmis kan bely: "As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm, tevergeefs."(Ps. 127:11).

AMEN

Ds. Johan Reynekc
Sondag, 6 September 1992